# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE


*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS (AVB ingesluit 30c PRICE (GST included)**
**BUITELANDS 40c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 225

KAAPSTAD, 14 MAART 1984

CAPE TOWN, 14 MARCH 1984

No. 9124


KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 477. 14 Maart 1984

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 26 van 1984: Loonwysigingswet, 1984.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 477. 14 March 1984

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 26 of 1984: Wage Amendment Act, 1984.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Loonwet, 1957, ten einde te bepaal dat 'n vasstelling nie van toepassing is nie op 'n persoon ten opsigte van enige aangeleentheid wat gereël word deur 'n order wat vir so 'n persoon ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, bindend is; die raad te magtig om inligting ten opsigte van enige bedryf in te win en die Minister van advies te dien betreffende die uitoefening van die bevoegdheid in artikel 4 (1) vermeld; en te bepaal dat die voorsitter of die tydelike voorsitter van die raad, sonder die besluit van die raad kan besluit dat 'n ondersoek en verslag in artikel 4 (1) bedoel deur 'n lid van die raad, hetsy alleen of tesame met 'n addisionele lid, ingestel en gedoen word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 29 Februarie 1984.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 2 van Wet 5 van 1957, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 48 van 1981 en artikel 2 van Wet 58 van 1981.

**1.** Artikel 2 van die Loonwet, 1957 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(a)* op 'n persoon ten opsigte van enige aangeleentheid wat gereël word deur 'n ooreenkoms, kennisgewing, vasstelling, <u>order</u> of toekenning wat vir so 'n persoon ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge bindend is; of".

Wysiging van artikel 3 van Wet 5 van 1957, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 48 van 1981 en artikel 3 van Wet 58 van 1981.

**2.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

,,<u>(12) Die raad kan op grond van inligting deur hom verkry by die verrigting van sy werksaamhede of deur hom vir die doel ingewin, die Minister van advies dien betreffende die uitoefening van die bevoegdheid in artikel 4 (1) vermeld.</u>".

Wysiging van artikel 4 van Wet 5 van 1957, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 48 van 1981.

**3.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(a)* Die voorsitter of die tydelike voorsitter van die raad kan besluit dat 'n ondersoek en verslag na aanleiding van 'n versoek kragtens subartikel (1), deur 'n lid van die raad (behalwe 'n assisionele lid), hetsy alleen of tesame met 'n addisionele lid **[, soos die raad besluit]**, ingestel en gedoen word.".

Kort titel.

**4.** Hierdie Wet heet die Loonwysigingswet, 1984.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Wage Act, 1957, so as to provide that a determination shall not apply to a person in respect of any matter regulated by any order which is binding on such person in terms of the Labour Relations Act, 1956; to authorize the board to gather information in respect of any trade and to advise the Minister in relation to the exercise of the power mentioned in section 4 (1); and to provide that the chairman or the temporary chairman of the board may, without the decision of the board, decide that any investigation and report contemplated in section 4 (1) shall be carried out and made by any member of the board, either alone or in conjunction with any additional member; and to provide for matters connected therewith.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 29 February 1984.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 2 of Act 5 of 1957, as amended by section 2 of Act 48 of 1981 and section 2 of Act 58 of 1981.

**1.** Section 2 of the Wage Act, 1957 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (3) of the following paragraph:

"*(a)* to any person in respect of any matter regulated by any agreement, notice, determination, order or award which is binding on such person in terms of the Labour Relations Act; or".

Amendment of section 3 of Act 5 of 1957, as amended by section 3 of Act 48 of 1981 and section 3 of Act 58 of 1981.

**2.** Section 3 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(12) The board may on the ground of information obtained by it in the performance of its functions or gathered by it for the purpose, advise the Minister in relation to the exercise of the power referred to in section 4 (1).".

Amendment of section 4 of Act 5 of 1957, as amended by section 4 of Act 48 of 1981.

**3.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (4) of the following paragraph:

"*(a)* The chairman or the temporary chairman of the board may decide that any investigation and report in pursuance of a request under subsection (1) shall be carried out and made by any member of the board (other than an additional member), either alone or in conjunction with any additional member **[, as the board may decide]**.".

Short title.

**4.** This Act shall be called the Wage Amendment Act, 1984.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB3807/13 800
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB3807/13 800